
11
KONINKRYKSTYD
Jaargang 24 | 7 Augustus 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER




NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal
Andries Gous | Enrico Casaleggio
Ethan Kleynhans | Marnette van Rensburg
Nina Müller van Velden | Leon M Foot
*CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *ENGO* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap SA* | *LiG-tydskrif*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 21 Augustus** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal: Stadium 5-nierversaking met hemodialise*

## ARTIKELS 05

05 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *Christene se respons op die Mawlid al-Nabi (die geboortefees van Mohammad)*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS | Kopanong-Studentebediening
**Ethan Kleynhans** | *Geloof in uitdrukking: Kopanong se uitreik na Lesotho*

14 | ALGEMEEN | NG Gemeente Pearly Beach
**Marnette van Rensburg** | *Geleentheid vir gebed vir ons land, Suid-Afrika*

11 | ALGEMEEN | Vrouemaand
**Nina Müller van Velden** | *Die tale wat ons praat (met apologie aan RSG)*

12 | ALGEMEEN | Engo-Mediaverklaring
**Vrystelling op 3 Julie 2026** | *Vroue word genooi na 'n oggend van inspirasie, kuier en bederf om Vrouemaand te vier in Augustus!*

## MEDIATEEK 14

**'n Reisverhaal deur Albert B Geldenhuys** | *Op die spoor van Kerkargitek Wynand H Louw (Naledi)*

## VERJAARSDAE 16

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | *Klein dade, groot verskil – gemeentes wat eko-vriendelik leef*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | LiG-Tydskrif - *Jou storie kan hoop gee*
**20** | Advertensies
**21** | Jaarlikse Tutu Jonker Gedenklesing
**24** | Stillepolis Lente-retraite

## OPLEIDING 25

## KERKBODE BROKKIES 27

## PUBLIKASIES 28

## WAT'S NUUS? 29

## KALENDER

## VAKATURES/AFLOSLYS

## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 31

**Leon M Foot** | *Wat is dit met SA-motoriste en hul motorligte?*

## KONTAK ONS 32



# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van ’n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Jou reis met kroniese siekte is ons prioriteit**

## Stadium 5-nierversaking met hemodialise

### Wanneer drie dae van elke week aan lewensondersteuning behoort

*Hierdie artikel bied inligting vanuit* ***Kroniese Kronieke*** *se voortgaande navorsing oor die persoonlike ervaring van kroniese siekwees. Die fokus val op selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone, en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siektes leef. Vanuit ’n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskaplike kennis en persoonlike verhale in gesprek gebring.*

***Dr Suzanne van der Merwe*** *(Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke) in samewerking met* ***Johan Jansen van Vuuren*** *(Navorsingsdeelgenoot)*

“Tot hiertoe en nie ’n tree verder nie. Ek neem jou nou hospitaal toe.”

Met dié woorde het Johan Jansen van Vuuren se lewensmaat op 7 Mei 2025 ingegryp. Johan se vel het ondraaglik gejeuk, sy enkels was geswel, en aanhoudende naarheid en braking het hom uitgeput.

**Lees** meer »


God
roep jou ...
wees
lewende water
-- VAN DIE BRON AF —
vloei dit verder
GELUKKIGE
VROUEDAG
JY IS GELIEFD. JY IS GESEËND. JY IS GEROEP.

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE







# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

### Die Here het steeds nuwe deure vir DEGNOS oopgemaak

Die afgelope tyd het die Here opnuut sy trou en voorsiening in die DEGNOS-bediening bevestig. Ná ’n rustiger tydperk het die bediening weer voluit momentum gekry, met talle opleidingsgeleenthede, gemeentebesoeke en nuwe projekte wat aangepak is. Deur die getroue ondersteuning van vennote en die toewyding van medewerkers het die evangelie steeds verder na gemeenskappe in Namibië uitgereik.

### Jaarvergadering en konferensie

Die DEGNOS-Jaarvergadering en -Konferensie het besonder goed afgeloop en vennote, ondersteuners en vriende van die bediening – persoonlik en aanlyn – bymekaar gebring. Tydens die vergadering is ’n nuwe Beheerraad verkies om leiding aan die bediening te gee. Daar word met dankbaarheid uitgesien na die pad vorentoe, met die gebed dat die Here elke raadslid met wysheid, onderskeidingsvermoë en ’n dienende hart sal toerus.

### Uitreik en opleiding

’n Besondere hoogtepunt was die uitreik saam met die spanne van die Heuwelsig- en Heuwelkruin-gemeentes na Tsumkwe. Die besoek het groot bemoediging aan die plaaslike gelowiges gebring en opnuut die waarde van geloofsgemeenskap beklemtoon.

Intussen het die formele leraarsopleiding op Grootfontein voortgegaan toe die vierde opleidingsblok begin het. Oor die volgende ses weke het die verskillende studentegroepe mekaar opgevolg, terwyl ds Lucas van Vuuren die opleiding met groot toewyding aangebied het. Sonja en Sharon het intussen na die studente se praktiese versorging omgesien en ’n belangrike ondersteunende rol vervul.

Ook op die satellietkampus op Chetto in Wes-Caprivi is die opleiding hervat. Onder leiding van Smith Muyatwa het tien studente met hul derde opleidingsblok begin. Die groei van die Khwê-gemeente was besonder bemoedigend.

**Lees** meer »

# ISLAM

## Christene se respons op die Mawlid al-Nabi (die geboortefees van Mohammad)

Op Moslems se historiese almanak is Augustus 'n maand van besondere betekenis. Vir baie Moslems is die geboortefees van Mohammad (Mawlid al-Nabi), wat op 25 Augustus gevier word, van besondere betekenis. Dit herinner hulle aan sy lewe van gehoorsaamheid aan Allah. Die dag word gebruik om sy karakter te bestudeer, hul geloof te verdiep en liefde vir die profeet uit te druk deur gebede, lofliedere en liefdadigheid. Al vier nie alle Moslems die Mawlid nie, bly dit vir die meerderheid 'n belangrike geestelike en sosiale geleentheid wat hulle identiteit en verbondenheid as geloofsgemeenskap bevestig.

Die Mawlid dien as 'n jaarlikse geestelike "herstelpunt" – 'n geleentheid om te vra hoe hulle lewens met syne ooreenstem. Mohammad word gesien as die ideale menslike voorbeeld, en die fees help gelowiges om hulle morele kompas te hernu in 'n wêreld vol morele verwarring.

In baie lande is die Mawlid 'n groot sosiale gebeurtenis. Families kom saam vir maaltye. Moskees hou spesiale dienste en lesings, liefdadigheid word beoefen en Mohammad se stories word aan die kinders geleer. Hierdie rituele bou 'n gevoel van ummah — die wêreldwye gemeenskaplikheid onder Moslems.

Vir baie Moslems is liefde vir Mohammad 'n kernaspek van hulle geloof. Die Mawlid word daarom gebruik om lofgedigte (*qasidas*) te sing, gebede op te sê, dankbaarheid vir sy lewe uit te spreek en om sy deugde te eer. Hierdie liefde is nie net emosioneel nie; dit is 'n vorm van aanbidding en 'n bron van troos en stabiliteit.

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel oor Christene se respons op die Mawlid al-Nabi (die geboortefees van Mohammad).*

Nie alle Moslems vier die Mawlid nie. Sekere Salafi- en Wahhabi-tradisies sien dit as 'n latere toevoeging tot Islam. Maar die meerderheid wêreldwyd – veral in Afrika, Suid-Asië, die oostelike deel van die Middelandse See en groot dele van Europa – vier dit met groot liefde en toewyding.

Hoe behoort Christene teenoor Moslems te reageer wat hierdie fees betref? Christene kan op 'n respekvolle, teologies duidelike en pastorale manier oor die Mawlid dink. Drie riglyne is veral belangrik:

- **Respek en erkenning**

Christene kan erken dat die Mawlid vir Moslems 'n belangrike geestelike dag is wat hulle geloof verdiep, hulle gemeenskap versterk en hulle herinner aan 'n figuur wat vir hulle heilig is. Hierdie erkenning bou vertroue en wys dat Christene nie neerhalend of defensief is nie.

- **Teologiese duidelikheid**


Christene hoef nie die profeet se rol in Islam te onderskryf nie. Ons moet duidelik wees daaroor dat ons glo dat Jesus die Seun van God is, dat die evangelie sentreer rondom Christus se persoon en werk en dat ons Jesus as die finale openbaring van God sien. Teologiese fermheid hoef nooit onvriendelik te wees nie. Dit kan met sagmoedigheid en eerbied geformuleer word.

Christene kan die Mawlid gebruik om te verduidelik hoe ons Jesus se geboorte vier en te wys hoe die evangelie die mens se hart verander. Dit gee ons die geleentheid om te deel hoe Christus se lewe, dood en opstanding ons hoop is. Dit skep 'n natuurlike brug na Jesus se karakter.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
Kopanong-Studentebediening
*Ethan Kleynhans*

***Foto**: Verskaf deur Ethan Kleynhans.*




# Geloof in uitdrukking

## *Kopanong se uitreik na Lesotho*

Geloof is nooit bedoel om slegs in boeke of kerkgeboue te bly nie. Dit word eers werklik sigbaar wanneer dit uitgeleef word in diens, gemeenskap en die verkondiging van die evangelie. Met hierdie oortuiging het 'n groep studente van Waypoint-Studentebediening vanuit die Vrystaat gedurende die winter na Lesotho uitgereik om saam met ons broers en susters in Christus te leef, te leer en te dien.

Op Saterdag, 27 Junie, het die span vanaf Kopanong-Studentebediening uit Bloemfontein vertrek. Die uitreik is gelei deur ds Wouter van Velden, wie se jarelange toewyding aan sendingwerk en die uitleef van die evangelie vir die span 'n groot voorreg en inspirasie was.

Die eerste bestemming was die afgeleë dorpie Qomoqomong in die Quthing-distrik, waar moruti Paul en sy kerkraad ons hartlik ontvang het. Reeds die eerste aand het die groep saam stil geword rondom die tema wat die hele uitreik sou kenmerk: om, saam met Broer Lawrence die teenwoordigheid van God bewustelik in die alledaagse te beoefen.

Die Sondag het ons die plaaslike erediens bygewoon. Die gemeente het elke lid van die span met 'n Sesotho-naam vereer, 'n besondere gebaar van aanvaarding en verbondenheid. Daarna is ons genooi na 'n tradisionele gedenkmaal ter nagedagtenis aan 'n oorledene. Dit was 'n kosbare geleentheid om die Basotho-kultuur en gasvryheid van naby te beleef. Een van die ligter oomblikke van die dag was toe 'n baie entoesiastiese ouer Basotho-man onverwags 'n huweliksaansoek aan een van ons spanlede gedoen het, 'n aanbod wat vriendelik maar beslis van die hand gewys is.

### Tyd saam met die kinders in Qomoqomong

Maandag is saam met die kinders van die dorpie deurgebring. Speletjies, lag en nuwe vriendskappe het die dag gevul.

**Lees** meer »

# » MOOIGENOEG »

# TIENERKAMP

**26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026**

**GRAAD 8–12 KAMP**

**26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026**

**MOOIGENOEG KAMPTERREIN BUITE BLOEMFONTEIN**




Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstilletyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.

Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe.

Sluit die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

**KOSTE:**

**R999**

Ouers is verantwoordelik vir vervoer indien u gemeente nie vervoer voorsien.

**INSKRYWINGSVORM**

**KONTAK ONS VIR MEER INFO:**


| | |
|---|---|
| Cecilna Grobler | 084 583 2925 |
| Tano Bongers | 072 176 5092 |
| Morné Bruwer | 082 857 7779 |
| Braam Smith | 060 556 9765 |

Mooigenoeg 2.0 Tienerkamp



# Barend Wessels Gedenksentrum








## MEENTHUISE TE HUUR

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R8,380** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Pearly Beach, Sinode van Wes-Kaapland
*Ds Marnette van Rensburg*

# *Geleentheid vir gebed* vir ons land, Suid-Afrika

**Uit Pearly Beach het die inisiatief ontstaan om, in aanloop tot die nasionale verkiesing op 4 November 2026, 'n geleentheid vir gebed vir ons land te skep.**

Ons hoor dikwels mense sê: "Net God kan ons land red." Hoewel ons weet dat God nie 'n towerstaffie is wat ons na willekeur kan gebruik nie, weet ons ook dat Hy sy kinders oproep om te bid. Paulus herinner ons immers: "Maak alles deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." (Filippense 4:6)

---

## 2 Kronieke 7:13–16 (AFR20)

*"As Ek die hemel sluit sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkane stuur om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pes onder my volk loslaat, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my teenwoordigheid opsoek en hulle van hulle verkeerde paaie bekeer, sal Ek uit die hemel hoor, hulle sonde vergewe en hulle land genees. My oë sal oop wees en my ore aandagtig luister na die gebede wat op hierdie plek gebid word. Ek het hierdie tempel gekies en geheilig, sodat my Naam vir altyd daar sal wees. My oë en my hart sal altyd daar wees."*

Ons nooi graag elke gelowige en elke Christelike gemeente, kerkverband en geloofsgemeenskap uit om deel van hierdie gebedsinisiatief te wees.

Dit is nie nodig dat almal op dieselfde dag byeenkom nie. Die belangrikste is dat gelowiges regoor Suid-Afrika doelbewus saam voor God intree vir ons land, sy mense en sy toekoms.

Versprei hierdie uitnodiging asseblief wyd na kerke, denominasies, bedieninge en gebedsgroepe waarvan u bewus is, sodat soveel moontlik gelowiges kan deelneem.

'n Voorstel vir 'n eenvoudige liturgie en gebedsriglyne sal binnekort beskikbaar gestel word om gemeentes en groepe te help met die beplanning van hierdie geleentheid.

**Lees** meer »



Dosent in Nuwe Testament (UV)
*Dr Nina Müller van Velden*

# Die tale wat ons praat
## (met apologie aan RSG)

**Augustus** het aangebreek, en daarmee die viering van **Vrouemaand**. Op **9 Augustus** 1956 het ongeveer 20 000 vroue oor kleurgrense heen na die Uniegebou in Pretoria gestap in protes teen die paswetgewing van die apartheid-regering – 'n historiese moment met verreikende gevolge, in 'n tyd toe vroue se stemme dikwels uitgedoof is. Sedert 1995 word hierdie gebeure met 'n openbare vakansiedag, Nasionale Vrouedag, in Suid-Afrika herdenk. Ons leer om te onthou van waar ons kom deur te reflekteer, en hou daarmee 'n spieël op vir besin oor waarheen volgende.

Die afgelope paar jaar het hierdie dag in verskeie kontekste 'n maandlange fokus geword: ja, van die viering van vordering wat sedert 1956 gemaak is ten opsigte van die sigbaarheid en erkenning van die rol van vroue in die samelewing, maar daarmee saam ook die wekroep (telkens weer) rakende hoeveel steeds gedoen moet word om respek, insluiting en veiligheid van vroue en meisies 'n werklikheid te maak. Ons is nie meer waar ons was nie, maar ons is beslis nog nie waar ons kan (en behoort) te wees nie.

Hierdie gelyktydige viering en wekroep word jaar na jaar (steeds) gehul in die realiteit van Suid-Afrika se hemelhoë voorkoms van geslagsgebaseerde en seksuele geweld teen meisies en vroue (na raming 'n ervaring wat 1 uit elke 3 vroue in ons land minstens een keer deurmaak). Dit is daarom geen verrassing dat Vrouemaand vir vele meisies en vroue min rede gee om te vier, maar eerder 'n herinnering is daaraan dat sorg, emosionele en fisieke veiligheid en respek nie 'n gegewe is nie. Dit, ten spyte van die beste pogings om vroue vir hierdie maand "spesiaal" te laat voel ...

Wat het dit met kerkwees en geloof te doen, mag jy dalk wonder?


Diegene wat navorsing doen oor sistemiese verandering in samelewings en gemeenskappe meen dat daar 'n direkte verband getrek kan word tussen die manier waarop ons praat en die wyse waarop ons optree.

Taal is immers die uitdrukking van hoe ons dink, wat ons waardes is, en wat ons glo. Dit verklap egter nie net wat ons reeds as werklikheid ag nie, maar skep terselfdertyd ook nuwe werklikhede. Wat ons dink, dit sê ons, en dit wórd ons. Ons kan tydelike en oppervlakkige verandering probeer aanbring deur aan die "doen" van ons werklikheid te timmer, maar dit is eintlik maar so effektief oor die langtermyn as om 'n pleister op 'n kraak in 'n muur te plak terwyl die hele fondament besig is om te sak. Wat is dus eerder nodig? As ons reken dat verandering nodig is – soos die wyse waarop meisies en vroue behandel word in ons gemeenskappe en samelewings – dan is dit raadsaam om krities te luister na hoe ons praat. Wat verklap ons woorde oor ons diepste oortuigings oor die rol van vroue, hul waarde, die tipe bydraes wat hulle kan lewer, hoe welkom hulle werklik is?

Tog verklap ons taal dikwels dat ons nog 'n ver ent het om te gaan.

'n Sprekende (!) voorbeeld is die gebruik van die woord "ouens" as versamelterm vir 'n groep persone – 'n woord wat onlangs weer by herhaling gehoor was by die sinodesitting van die Vrystaat.

**Lees** meer »



***Foto's:*** *Canva*

# Vroue word genooi na 'n oggend van inspirasie, kuier en bederf om Vrouemaand te vier in Augustus!

***Mediaverklaring**: Vrystelling op 3 Julie 2026*

***Foto**: Verskaf*




Bloemfontein, Vrystaat

**ENGO Vrystaat nooi alle vroue hartlik uit na 'n besondere Vroue-oggend wat op Vrydag, 21 Augustus 2026, by Leopards and Lace in Bloemfontein aangebied word.**

Dié oggend beloof om 'n heerlike geleentheid te wees waar vroue vir 'n paar uur kan ontspan, inspirasie kan ontvang en die geselskap van vriendinne, familie of kollegas kan geniet. Dit is die ideale geleentheid om jouself of iemand spesiaal te bederf, terwyl jy terselfdertyd 'n verskil maak in die lewe van mense wat deur ENGO Vrystaat ondersteun word.

Die gewilde **Leandie du Randt** sal as gasspreker optree en haar inspirerende boodskap deel. Die talentvolle **Jacobus Silwer** sal die oggend verder ophelder met sang en vrouens sal lekker kan koop, met uitgesoekte uitstallers wat die oggend gaan inkleur.

Kaartjies is beskikbaar teen **R350 per persoon of R3 500 vir 'n tafel van 10**. Die geleentheid vind plaas van **08:00 tot 12:00 by Leopards and Lace** in Bloemfontein.

Individuele kaartjies kan aanlyn gekoop word via **ENGO Vrystaat se webtuiste**: *Vier die Lewe – Vroue-oggend, Engo*. Vir tafelbesprekings of meer inligting, stuur 'n **WhatsApp na 060 548 5543** of e-pos **alda@engo.co.za**

Kom geniet 'n oggend van inspirasie, lag, samesyn en bederf – alles ten bate van ENGO Vrystaat.

Ons sien daarna uit om jou daar te verwelkom!

Besoek ons gerus by **www.engo.co.za** – Engo Vrystaat – Ewige hoop

**Lees** hier »

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur **MARTIN SCHWELLA**




## Kyk uit vir die NUWE REEKS 3

NG Kerk Vrystaat

SCHINK PUBLISHING

JONK


# MEDIATEEK




## OP DIE SPOOR VAN KERKARGITEK
## *WYNAND H LOUW*
### Albert B Geldenhuys

Hierdie boek is tegelyk 'n beskrywing van vele reise – fisiek, geestelik, akademies en meer – op die spoor van Wynand Louw. Albert en Maretha Geldenhuys reis oor vyf jaar bykans 40 000 km kruis en dwars deur al nege provinsies van Suid-Afrika om soveel as moontlik van Louw se kerkprojekte te besoek. Die teks word aangevul deur oor die 300 foto's van verskeie kerke wat hulle op hul reise besoek het. Louw se lewensverhaal word vertel. Sy impak as kerkargitek word beskryf teen die agtergrond van die ontwikkeling van kerkargitektuur wêreldwyd oor millennia, maar ook spesifiek die gereformeerde kerkargitektuur aan die Kaap sedert 1652. In die proses verwesenlik ingenieur Albert 'n kinderdroom deur 'n M-graad in argitektuur in 2024 te verwerf in navolging van sy oupa Wynand.

Maar wie was Wynand H Louw? In 1905, kort na die Anglo Boere-oorlog, gaan studeer hy argitektuur aan die Architectural Association in Londen, die oudste argitekskool in Brittanje. Hy word beskou as die eerste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse argitek wat tersiêr opgelei is. Louw ontwerp in 1909 as 26-jarige sy eerste kerkgebou, die NGK Port Elizabeth. Gedurende 'n halfeeu as praktiserende argitek ontwerp Louw en sy praktyke meer as 120 kerkgeboue. Hy speel ook 'n leidende rol met die modernistiese ontwerp van kantoorgeboue soos die Waalburg-gebou en die Ou Mutual-gebou in Kaapstad, wat by voltooiing die hoogste kantoorgebou in die Suidelike Halfrond was. Louw se baanbrekersbydrae word in 1940 erken toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n erepenning aan hom toeken.



Na 'n luisterryke loopbaan as professionele siviele ingenieur, tree Albert Geldenhuys af as besturende direkteur van Aurecon Suid-Afrika (tans Zutari) en direkteur van die Melbourne-gebaseerde Aurecon Group PL. Tydens sy loopbaan word hy 'n Genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurswese (SAISI) en dien op die direksie van Consulting Engineers of South Africa (CESA). Hy dien ook as voorsitter van die Kaapstad Sakekamer. Daarna hou hy hom besig as olyfboer in die Karoo, is medestigter en voorsitter van Marche Media wat grensverskuiwende films soos *Johnny is nie Dood nie* en *Kanarie*, asook vele televisiereekse soos *Die Byl* en *Waterfront* vervaardig. Hy dien steeds op die direksies van AHI Wes-Kaap, Alula, Cape Town Music Academy, Nuuseum en Rox Equity Partners. Na 'n reis op die spoor van sy oupa Wynand Louw se kerkbouprojekte verwerf hy vroeg in 2024 'n Meestersgraad in Argitektuur getiteld "The Life and Work of Architect Wynand H Louw (1883-1967) with a Focus on the Design of Ecclesiastical Buildings". Gedurende 2025 begin Albert 'n reeks artikels oor kerkargitektuur skryf vir *Die Burger* en Media24.

Bestel van:
Tertia Swart
078 648 8616

tertia@naledi.co.za **OF** www.naledi.co.za

BESKIKBAAR IN JULIE 2026
GENRE: REISVERHAAL
SAGTEBAND
FORMAAT: 222 X148 MM
PRYS: R439.00
332 BLADSYE EN MEER AS 300 FOTO'S
ISBN 9781997476498

- BOEKBEKENDSTELLINGS IN HOOFSTROOM-MEDIA
- WYE BEKENDSTELLING OP SOSIALE MEDIA
- BEKENDSTELLINGS OP ANDER MEDIAPLATFORMS
- BEKENDSTELLINGS OP DIE ONDERSKEIE RADIOSTASIES
- REKLAME DEUR DIE SKRYWER.

naledi
www.naledi.co.za

# Botshabelo Koorfees

TEN BATE VAN

## BOTSHABELO JEUGKAMPTERREIN



BY

## NG KERK BERG-EN-DAL

**21 AUGUSTUS 2026 | 18:00–20:00**

**DEELNEMENDE KORE:**

Kilimanjaro mannekoor, Die vyf Musketiers, Reatiliwe Nkgahle, Cantabile, Matildie Wium, Sotho dames van Berg en Dal en Hugenoot Jeugkoor van NGKA Botshabelo J.

**Bredie met pap, potbrood en poeding ingesluit**

**R50 PER PERSOON**

U is welkom om **SOTHO-TRADISIONEEL** aan te trek of u kennis van 'n **INHEEMSE TAAL** te demonstreer en dalk 'n sjokolade te wen!

**NB: STEL ONS IN KENNIS PER WHATSAPP**

by Marthina **0760158382** VOOR **17 AUG** indien u dit gaan bywoon of 'n kaartjie wil borg. Bring die **R50** die aand saam, betaal by u kerkkantoor of betaal in rek NGK Berg en Dal, Absa **470580011**. Verwysing: **BKF+Naam**

# VEELS GELUK



ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## AUGUSTUS

| | |
|---|---|
| Dr Jan Venter<br>GARDENIAPARK LIG-GEMEENTE | 10 |
| Ds Francois van Tonder<br>PARYS-OOS | 10 |
| Dr Stéphan van der Watt<br>MISSIE JAPAN | 10 |
| Dr Nico Dicks<br>VENTERSBURG | 12 |
| Ds Hannes du Plessis<br>FICHARDTKRUIN | 14 |

*– lekker verjaar –*

NG Kerk Vrystaat

# MOOIGENOEG

## KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

## *Bloemfontein*

Ctrl + Click on the link to find us on the map:
https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8







## FACILITIES

- 154 bunk beds in total
- The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- There are two separate equipped kitchens.

**7 Self-Catering Chalets** – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

**The entire premises can accommodate up to 182 guests.**

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.


## PRICES for 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Accommodation without bedding** | **R135.00** | per night per person |
| **Day visitors (08:00-17:00)** | **R110.00** | per person per day |
| **Accommodation: Chalets** | | |
| 1 person | **R 330.00** | per unit per night |
| 2 persons | **R 600.00** | per unit per night |
| 3 persons | **R 880.00** | per unit per night |
| 4 persons | **R 1100.00** | per unit per night |
| **Kitchen** | **R 700.00** | per day |
| **Kitchen** | **R 1000.00** | per day (near hall for functions) |
| **Big hall** | **R 1200.00** | per day (when group sleeps over) |
| | **R 5500.00** | per day (functions) |
| **Olienhout + Kitchen** | **R 3300.00** | per day (functions) |
| **Caravan** | **R 160.00** | p/day per stand |











## INQUIRIES AND RESERVATIONS:

(051) 406 6700

EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Klein dade, groot verskil *gemeentes wat eko-vriendelik leef*

In 'n wêreld waar klimaatsverandering en omgewingskrisisse oorweldigend voel, kan 'n mens maklik moed verloor. Maar die kerk se storie werk anders. God se Koninkryk begin nie met groot projekte nie; dit begin met klein mosterdsaadjies. En wanneer gemeentes klein, volhoubare gewoontes aanleer, word dit 'n kultuur van hoop.

**Voorbeelde van projekte wat gemeentes kan aanpak**

- **Waterbesparing:** Gebruik gryswater of installeer krane met lae vloei.
- **Herwinning:** Jeuggroepe wat plastiek en papier insamel as deel van hul diensprojekte.
- **Gemeentetuine:** Groentetuine wat sopkombuise ondersteun of families help wat swaar kry.
- **Boomplant-Sondae:** Gemeentes wat jaarliks saam bome plant as teken van hoop.

Hierdie dade is nie groot nie, maar hulle bou 'n kultuur van sorg.

**Lees** meer »

LiG
tydskrif

# *Jou storie* KAN HOOP GEE.

Lig-tydskrif is op soek na **werklike stories** van mense wat onlangs deur trauma gegaan het – stories van **hoop** en **herstel**.



## WAT ONS SOEK:

- Stories van trauma wat **redelik onlangs** plaasgevind het.
- Dit kan iets **onverwags** of **ingrypends** wees wat jou lewe geraak het.
- Nie verhale uit jou kinderdae nie – dit moet **onlangse** gebeure wees.

> **Jou getuienis kan 'n ander mens se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.**

**BELANGRIK OM TE WEET:**

- Dit hoef nie 'n algemene ervaring soos kanker of 'n verlies deur die dood te wees nie.
- Ons fokus op unieke, persoonlike verhale van **herstel**, **hoop** en **geloof**.
- Jou getuienis kan iemand anders se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.

**WIL JY JOU STORIE DEEL?**
Kontak asseblief **Deonette De Kock**
**082 553 4760** vir meer inligting.

Verhale wat **inspireer.**
Geloof wat **hoop gee.**


Borg 'n begin
BM
BYBEL-MEDIA


Doen meer
MISSIO
www.missio.org.za
Digital Products
Jeugfokus Kategese+ | Jaar toegang | Gemeente | Gemeenterekening
Akkerpret/Kleuterpret-reeks
MISSIO


VERSKERP
JOU KLANK KENNIS EN TOEPASSING
NICO GREYLING
ONS VOLGENDE AANBIEDING VIND PLAAS OP
8 AUGU
202
BLOEMFONTEIN VANAF 09:00 TOT 13:00 •
Identifiseer probleem frekwensies, en wat om met hulle te
Skep klankspasie in jou musiek, vir gemakkliker luister gen
Die role n verantwoordelikheid van n klank ingeneur.
Effektiewe kommunikasie met orkes, en sang lede.
Verbetering van "live stream", en opnames.
Verstaan en beheer van monitors.
Verstaan "EQ" en "filters" beter.
Effektiewe klank toets.
Beter klank bestuur.



Engo
LENTE
Genadefees
18:30 vir 19:00
11 September 2026
Plek: Geloofsentrum, Bloemfontein
Prys: R100 per persoon
Kunstenaars
Du Preez en Jana Stoltz | Jaco Bezuidenhout | Jannie Moolman | Ella Kotze | Ilse Fourie
Levert Solomons | Riaan Naude | Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
ROSESTAD
100.6 FM
WAAR JY WIL WEES
Kaartjies te koop by Ons Kinderhuis en Engo Provinsiale kantoor asook by Geloofsentrum.
Navrae: t: 051 444 2938 of


WELRIEDAL YOUTH CARE CENTRE
GOLF DAY
Together we drive change
FOR CHILDREN, FOR HOPE, FOR TOMORROW.
WATERHOLES
R1500
R250
PER PERSON
DATE
19 SEPTEMBER 2026
VENUE
BRAND MASHIE GOLF CLUB WELKOM
INCLUDED:
✓ HALFWAY HOUSE
✓ GREAT PRIZES
SHOTGUN START
MORNING: 07H30 FOR 08H00
AFTERNOON: 11H30 FOR 12H00
PRIZE GIVING: 17H30 FOR 18H00
WHAT TO EXPECT
✓ FUN COMPETITIONS
✓ R20 RAFFLE TICKETS FOR MYSTERY HAMPER
✓ LOTS OF LAUGHS & MEMORIES
2BALL SCRAMBLE DRIVE – EXPECT THE UNEXPECTED!


Engo
Cruise for a Cause
N AN ALL-INCLUSIVE MSC
UISE TO THE PORTUGUESE ISLANDS
14 December 2026
mum of R50 donation
ng date: 30 September 2026
of winner by 23 October 2026
Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.
MSC CRUISES


What can you get for R105?
4 TAKEAWAY COFFEES
OR HELP TO PLACE A BIBLE IN SOMEONE'S HAND.
JOIN THE BIBLE-A-MONTH CLUB
YOUR MONTHLY DONATION OF JUST R105 CAN CHANGE A LIFE.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa


Bible mont
SALE 3-31 AUGUST 2026
65% DISCOUNT
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
www.bibleshop.co.za
* Offer valid until 31 August 2026. While stocks last.
No further discounts. Postage and delivery excluded.


ouditorium te huur
BYBELHUIS
BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

# FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Tutu Jonker Memorial Lecture

## Theology in the Age of Digital Power: Surveillance, Public Life and the Search for a Common World.





**Prof. Dr. Hanna Reichel**
**Princeton Theological Seminary**

https://ptsem.edu/academics/faculty/hanna-reichel/

**Prof. Dr. Frederike von Oorschot**
**University of Zürich, Switzerland**

https://www.trf.uzh.ch/de/ueber_uns/professuren/gastprofessuren/van_oorschot.html

| Date | Venue | Time |
| --- | --- | --- |
| 18 AUGUST 2026 | ALBERT WESSELS | 18:00 |

**https://www.ufs.ac.za/theology**
SinraC@ufs.ac.za | VanDerWesthuizenHC@ufs.ac.za

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
THEOLOGY AND RELIGION

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION

## Dear Students, Colleagues and Valued Stakeholders

The **Faculty of Theology and Religion at the University of the Free State** warmly invites you to attend the **Tutu Jonker Memorial Lecture**, an evening of critical theological reflection and public engagement. This year's lecture explores the timely theme:

***Theology in the Age of Digital Power: Surveillance, Public Life and the Search for a Common World.***

**The lecture will be presented by two internationally recognised scholars**

- **Prof Dr Hanna Reichel**
  *Princeton Theological Seminary, USA*
- **Prof Dr Frederike van Oorschot**
  *University of Zurich, Switzerland*

REGISTER HERE

**Event Details**

| Date | Venue | Time |
|---|---|---|
| 18 AUGUST 2026 | ALBERT WESSELS | 18:00 |

As digital technologies increasingly shape how societies communicate, govern and relate to one another, this memorial lecture offers an opportunity to reflect on the role of theology in addressing questions of ethics, justice, public life and the common good. Students, academics, faith leaders, researchers, alumni and members of the broader community are encouraged to attend and engage in this important conversation.
We look forward to welcoming you.

**For enquiries**

Cheralle Sinra: **SinraC@ufs.ac.za**
Prof Henco van der Westhuizen: **VanDerWesthuizenHC@ufs.ac.za**

For more information about the Faculty of Theology and Religion, visit the **faculty website**.

# BAIE DANKIE!

toibo+
TRANSORANJE INSTITUUT
VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

IN GELOOF VERANKER

## VIR AL DIE PRAGTIGE SKENKINGS

Baie dankie vir al die pragtige skenkings wat TOIBO die afgelope maand ontvang het.

Ons is geseën met skenkings van **skoolskoene en skoolkouse, gebreide items, mieliemeel, komberse, droëkosmengsels** en meer wat ons aan die vyf skole kon versprei.




Skoolskoene en skoolkouse | Gebreide items | Mieliemeel | Komberse | Droëkos-mengsels | en meer

Mense vra dikwels op watter maniere hulle TOIBO kan ondersteun. Hierdie maand noem ons nog **twee projekte** waardeur TOIBO ondersteun kan word.

## HOE KAN U TOIBO HELP?

melon MOBILE

Teken aan by Melon Mobile met promosiekode **TOIBO** en help ons terwyl JY spaar!




www.melonmobile.co.za

SCAN MY

Melon Mobile deel maandeliks 'n gedeelte van u rekening met TOIBO – sonder dat dit u ekstra kos! Dis maklik, bekostigbaar en maak 'n regte verskil.

Casual Day
with Persons with Disabilities




**LOSLITDAG**
**Vrydag**
**4 SEPTEMBER**

**R20-donasie per plakker**

**Bestel voor 14 Aug**

Kry jou **LOSLITDAGPLAKKER** by TOIBO sodat ons talle persone wat met gestremdhede leef, kan help.

**NCPD** National Council of & for Persons with Disabilities

*U positiewe gesindheid teenoor die Transoranje Instituut (TOIBO) word opreg waardeer.*

076 143 6961 | info@toibo.org.za | www.toibo.org.za

# September
## is die begin van *die lente.*

'n Nuwe seisoen. Bome wat weer begin bot, die son wat vroegoggend weer lig bring, nuwe lewe.

**Maar vir baie predikante voel September nie noodwendig soos 'n nuwe begin nie.**

Die jaar is al ver gevorder. Die kalender raak voller. Daar is nog eredienste, vergaderings, pastorale gesprekke, gemeentelike verantwoordelikhede ... en dan begin die stemmetjie ook al harder word: *Ons moet voor die einde van die jaar dit ook nog doen.*

**Byna alles rondom ons versnel.**

Daar word meer van ons verwag. Ons moet vinniger reageer, meer besluite neem, meer dinge hanteer en aanhou om by te hou.

**Maar daar is iets wat nie teen daardie tempo kan beweeg nie:**

## TEENWOORDIGHEID.

Teenwoordigheid kan nie aangejaag word nie. Dit is nie nóg 'n tegniek om beter te funksioneer nie. Nee, teenwoordigheid is die vermoë om werklik hier en nou te wees.

- Hier – by God.
- Hier – by jouself.
- Hier – by die mense voor jou.
- Hier – by wat nou gebeur, eerder as by alles wat nog gedoen moet word.

Want hoe minder teenwoordig ons is, hoe makliker begin ons bloot reageer. Ons doen wat dringend is, eerder as wat belangrik is. Ons beweeg van een ding na die volgende sonder om ooit regtig stil te word.

**MISKIEN IS DIT PRESIES WAT ONS TEEN SEPTEMBER NODIG HET:**

| Nie nóg 'n kursus nie. | Nie nóg iets om te leer nie. | Nie nóg 'n ding om op ons lys te sit nie. |
|---|---|---|

**Maar 'n plek om vir 'n oomblik op te hou jaag.**

'n Plek om asem te haal. Om stil te word. Om weer bewus te word van God se teenwoordigheid. Om weer by jouself uit te kom. Om herinner te word waarom jy hierdie werk doen.

**ONS NOOI PREDIKANTE DAAROM NA ONS STILLEPOLIS LENTE-RETRAITE – 'N PAAR DAE WEG VAN DIE GEWONE RITME, AAN DIE BEGIN VAN DIE LAASTE DEEL VAN DIE JAAR.**

'n Geleentheid om nie net nóg iets te probeer klaarkry nie, maar om TEENWOORDIG TE WEES.

> Want dalk is die belangrikste ding wat jy teen Desember moet klaarrmaak, nie iets op jou kalender nie.
>
> *Miskien is dit om jouself weer terug te vind.*

# *Stillepolis*

STAP IN STILTE. RUS IN SY VREDE.

# Stillepolis Lente-retraite

**20 – 25 SEPTEMBER 2026**

**PHILIPPOLIS**

**Kom vir 2 tot 5 nagte – dit is jou keuse!**

*Rus. Herlaai. Herinner.*

*Bring jou stapskoene vir die 22km-staptog na die plaasbestemming op die eerste dag.*


> Want dalk is die belangrikste ding wat jy teen Desember moet klaarmaak, nie iets op jou kalender nie.
>
> *Miskien is dit om jouself weer terug te vind.*

*Bespreek by:* www.stillepolis.com

*Navrae via WhatsApp:* 072 115 0057

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**3, 10, 17 Augustus**

GRATIS

Zoom boekgesprek: *Disrupting the Divide* - Maandae om 15:00 - 16:15




**13 Augustus**

10 VBO-punte

"Die pastor in 'n eeu van egtheid" met dr Gerrie Bodenstein




**15 Augustus**

GRATIS

Sendingkonferensie om 08:30 – 15:00, NG Pellissier, Bespreek aanlyn




**20 Augustus**

Communitas

Stories, Speel en Spiritualiteit om 09:00-15:00, R50 Registrasiefooi




**1 September**

VBO-, CPSC- & AFM PCD-punte

"Sewe beginsels wat 'n huwelik laat werk" met prof Wentzel Coetzer



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *"Oscar Romero"* met dr Lisel Joubert

Didasko
'n Lerende gemeenskap

DIDASKO-**DINSDAE**



2 VBO-PUNTE

19:00 - 21:00
AUG
11

# DIS GRIEKS VIR MY

## “Koine”

is die naam van die tipe Grieks wat in die NT-tyd gebruik is

**PROF**
**MARIUS NEL (US)**
*Zoom-sessie*

**Die krag van KI-Koine**

Kunsmatige Intelligensie-modelle bied aan ons ’n kragtige nuwe manier om ons ***Koine* Grieks** op te knap. KI-modelle kan soos ’n assistent optree wat ons begelei om vanuit die Griekse teks te werk met die implikasie van tekskritiese variante, grammatikale konstruksies en vertaal-variasies wat ons omgaan met die Nuwe Testament ‘n nuwe diepgang gee.

**NAVRAE** | leon@ngkvs.co.za

Kom ontdek die krag van KI-Koine en hoe antieke tale en moderne tegnologie saam nuwe insigte kan ontsluit en die wêreld van die Nuwe Testament se Grieks op 'n vars en praktiese manier te verken!
Moet dit nie misloop nie.

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

## kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



### Só skryf mens 'n goeie doodsberig, vertel Gerdrie van der Merwe: 'Jy moet in die persoon se bloedstroom kom'

*5 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*

»




### Kerkspieël 2026 onthul die stippellyne wat gemeentes sélf moet trek

*4 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Kobus Schoeman*

»




### Kerkspieël 2026 Is die NG Kerk besig om jongmense vir die kerk te vorm, maar nie vir die wêreld nie?

*6 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Janke Hurter*

»



### Publieke getuienis | Anton Knoetze: Die kerk is 'n stad wat op 'n berg is

*5 Augustus 2026*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Anton Knoetze*

»




### *'New stability' could await DRC, says survey oozing caution*

*4 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*

»




### Kollig-podsending | 'Hierdie byeenkoms is doelbewus anders ...' – hoekom is die 2026 PredikanteSAAMkoms nodig?

*3 Augustus 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

»

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

BM
Bybel-Media

# Vroue van die Bybel Bybelstudie

**R189**




Hoe belangrik is vroue vir God? *Vroue van die Bybel* antwoord hierdie vraag deur na belangrike vroue in die Ou en Nuwe Testament te kyk. Deur die lewens van twaalf vroue – Eva, Sara, Mirjam, Ragab, Debora, Rut, Hanna, Ester, die deugsame vrou, Marta en Maria, Maria die ma van Jesus, en die bruid van Christus – te bestudeer leer lesers belangrike lewenslesse rakende totale gehoorsaamheid aan God asook die mislukkings wat spruit uit ongehoorsaamheid. Die Bybelvroue leer lesers ook hoe om huishoudelike sake en kinderopvoeding te hanteer. In 12 weke met genoeg studies vir vyf dae van die week bespreek hierdie Bybelstudie nuwe temas om vroue se posisie voor die Here en sy plan te verstaan. *Vroue van die Bybel* is ideaal vir vroue wat self 'n verhouding met die Here wil ontwikkel.

# Vroue van die Bybel Dagstukke

**R199**




Die eise van die lewe maak dit dikwels moeilik om die eggenoot, ma, dogter of vriendin te wees wat jy wil wees. Hoe bemoedigend om te weet jy is nie die enigste vrou wat so voel nie! *Vroue van die Bybel* fokus op 52 besondere vroue van die Bybel wat dieselfde uitdagings in hulle lewe en geloof ervaar het as wat die moderne vrou daagliks het. Dit bevat ook 'n tematiese indeks, 'n lys en tydlyn van die vroue van die Bybel, 'n lys van die vroue in Jesus se stamboom en 'n lys van die vroue in Jesus se lewe en bediening. *Vroue van die Bybel* is perfek vir individuele of groepstudie. Dit bied nuwe perspektiewe wat jou verhouding met God sal versterk en vir jou 'n dieper waardering sal gee vir die vroue wat voor jou geleef het.

# Jy is deel van God se plan

**R 95**




'n Bybelstudie oor dertien vroue in die Bybel – en hoe God se plan hulle lewe geraak het Die Bybel is vol boeiende stories, maar die karakters is nie fiktief nie. Hulle was regte mense, net soos ek en jy. En hulle stories is in die Bybel opgeteken sodat ons uit hulle lewe kan leer, hulle foute kan vermy, en veral hulle geloofsmoed kan navolg. Bowenal is hulle stories opgeteken om vir ons te wys dat hulle nie alleen in die wêreld was nie; God was by hulle. Hy was in hulle lewe teenwoordig. God het 'n plan met hulle elkeen se lewe gehad. Hulle onderskeie stories is immers deeltjies van die ware Storie in die Bybel: die storie van God wat die mense van hierdie wêreld so liefhet dat Hy ons nie aan ons eie genade kan oorlaat nie.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

### VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za

### AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

Help ons om ons NG kerk-familie op hoogte te hou van die jongste amptelike predikantenuus in die Vrystaat.

Beroepe, bevestigings, demissies, emeritaat, afskeid en ander amptelike nuus kan gerus gestuur word aan **cmclean@ngkvs.co.za** of **skakel@ngkvs.co.za**

Só bly ons saam ingelig en betrokke by wat in ons gemeentes en bedieninge gebeur.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH
60 jaar van genade

### 'N 7-WEEK-VADERSKAPKURSUS

# THE WORLD NEEDS A FATHER

*Vir pa's, toekomstige pa's en manlike rolmodelle*



## 7 DINSDAE

### 18:15-20:00

1 September - 20 Oktober 2026

## R50 PER PERSOON

*Handleiding ingesluit*

**BESPREEK BY DIE KERKKANTOOR TEEN 28 AUGUSTUS 2026**

**081 828 9536**



***Foto:** Dr Leon M Foot (verskaf)*

ALGEMEEN
Skriba van die Moderamen
*Dr Leon M Foot*

# Wat is dit met SA-motoriste en hul motorligte?

Hoekom sukkel motoriste so met ligte? Hoe moeilik kan dit wees? As dit donker word, of as die sig swak raak, sit jy jou motor se ligte aan. Iewers het ek geleer jou ligte moet ’n halfuur voor sononder aangeskakel word tot ’n halfuur ná sonop. En as dit reën, of as dit mistig is. Maar ons kry dit nie reg nie.

Almal wat baie rondry, het dit al gesien: dit reën katte en honde, jy kan skaars jou motor se enjinkap sien, maar rondom jou ry mense sonder ligte. Onsigbaar in die reën. Sommige wend ’n vergeefse poging aan. Hulle sit hulle parkeerliggies aan. Maar mense, die naam sê dit tog duidelik. Dis “parkeer”-ligte. Vir wanneer jy geparkeer is, nie vir wanneer jy teen 120 kilometer per uur op die snelweg ry nie!

Die argument is dikwels: “Ek kan mos sien”. Ja, dalk, maar kan jy gesien word?

Ja, dalk, maar kan jy gesien word? Dit is ’n belangriker vraag. Jy sit nie net jou ligte aan om te kan sien nie, maar veral om jou sigbaar te maak vir die ander motoriste.

Dalk is die Here net so moedeloos met ons, sy kinders. Ons het ook die opdrag om ons ligte te laat skyn in ’n donker wêreld. Ons behoort nie meer aan die ryk van die duisternis nie, maar aan die ryk van die lig. En daarom moet ons lig bring na die duisternis.

Soms lyk dit of ons ook maar net ons parkeerligte aan het, so asof ons nie krag het om te skyn nie. In Efesiërs 1:19, 20 skryf Paulus dat God dieselfde krag waarmee Hy Jesus uit die dood opgewek het, in ons laat werk. Ons het meer krag as wat ons dink. Ons kan helderder skyn as wat ons dink. Om lig te bring in ’n donker wêreld, sodat die wêreld *“julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik”*. (Matteus 5:16)

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit


# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement

*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*